

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 35: Naso – Op te lig

יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families, Num. 4:21-22 – PWL.¹

Torah: Num. 4:21 tot 7:89.

Haftorah: Rigters 13:2 tot 25.

Nuwe Verbond: Luk. 3:23; Matth. 8:1-4; Mark. 1:40-45; Matth. 5:27-32; Hand. 21:17-22:29; Rom. 13:9; 1Kor. 6:9-11; Gal. 5:19; Joh. 7:53-8:11; Jak. 2:11.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 35 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

Nothing is so strong as gentleness, nothing so gentle as real strength – Francis de Sales.

The greatest test of whether the holiness we profess to seek or to attain is truth and life will be whether it produces an increasing humility in us. In man, humility is the one thing needed to allow God's holiness to dwell in him and shine through him. The chief mark of counterfeit holiness is lack of humility. The holiest will be the humblest – Andrew Murray.

Where it says, "Let us make man in our image and likeness, we note that the word "image" (i.e., tzelem: תְּצַלֵּם) comes from the word tzel (צל), meaning "shadow," thus suggesting that we were originally created to cleave to God as closely as a shadow follows its Substance. – H4C, June,2019.

Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses – Anonymous.

Arrogance is a reprehensible trait that is the father of all other negative traits. An arrogant person demands that everything should be exactly as he wishes. He lacks patience and this causes him much frustration and suffering. A person with humility finds it easy to accept things not being the way he would have wished them to be. He focuses on the positive in each situation and circumstance. He has more joy in living. – Rabbi Simcha Zissel.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Happy is the man who finds a true friend, and far happier is he who finds that true friend in his wife – Franz Schubert

The real act of marriage takes place in the heart, not in the ballroom or church or synagogue. It's a choice you make - not just on your wedding day, but over and over again - and that choice is reflected in the way you treat your husband or wife. – p Barbara De Angelis

Torahbespreking

Hersiening

Aan die begin van ons studie van Numeri, wat “geteldes” of “getalle” beteken, was ons daaraan herinner dat ons as die geteldes van יהוה gereken word. Maar die Hebreuse naam van hierdie vierde boek van Mosheh is egter *B’midbar* wat “in die wildernis” beteken en wat meer toepaslik is, omdat dit die geskiedenis van Yisra’el beskryf wat vir bykans 38 jaar in die wildernis geswerf het.

B’midbar is die geskiedenis van hoe Yisra’el vanaf die voet van die berg Sinai getrek het tot by Kadesh op die grens van die beloofde land, Kena’an. Dit wat veronderstel was om ‘n reis van slegs enkele weke te wees, het toe bykans 38 jaar geduur weens Yisra’el se hardnekkige wantroue in die beloftes van יהוה toe hulle geluister het na die negatiewe gerugte van tien van die twaalf verkenners en nie bereid was om יהוה te volg nie (Num. 32:11-12)!

Num. 1:1 tot Num. 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Yisra’el die tog na Kena’an sal aanpak. Yisra’el moet as ‘n afgesonderde en rein volk (gemeenskap), asook as eensgesind deur die wildernis na die beloofde land trek, anders sal יהוה nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir יהוה en naasteliefde sal hulle redding en behoud wees! Dit gaan Yisra’el se toets wees of hulle יהוה in alles gaan vertrou!

Num. 5:11 tot 31 – Die Torah oor Jaloesie

Die onderrig en instruksies oor die toets van getrouheid in die huwelik (Num. 5:11-31) is vreemd vir die wat nie verstaan wat die doel daarvan is nie, asook nie verstaan wat die geestelike betekenis is nie. Dit is ook bevestiging van hoe belangrik God die liefdevolle eenheid in die huwelik beskou!

יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As iemand se vrou wegdraai en ontrou is teenoor hom. Deut. 5:11-12.

Die Torah oor jaloesie is die beproewing (toets) wat ‘n vrou ondergaan wanneer daar minstens met redelike sekerheid vermoed word dat sy ontrou in die huwelik was. Dit word ook genoem “die beproewing van bitter water” of “die beproewing van jaloesie”. In Hebreus word so ‘n vrou ‘n *sotah* genoem. Hierdie woord kom nie in die Torah voor nie, maar word afgelei van die woord *satah* in Num. 5:12 en beteken om “af te wyk” of om “weg te draai”. Daarom word dit ook die wet van die *sotah* genoem. Die Torah oor jaloesie is dus יהוה se onderrig en instruksies om seksuele sondes, veral egbreek, bloot te lê.

Dit herinner ons aan die woorde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs:

Die huwelik is eerbaar in alle opsigte en hulle bed is rein, maar God sal seksuele oortreders en egbrekers oordeel. Heb. 13:4.

Waar יהוה in die midde van Sy volk woon mag daar geen onreinheid wees nie. Die gevolg van enige onreinheid in die laer is dat die hele laer onrein (*tamei*) is. Daarom was enige onreinheid in 'n baie ernstige lig beskou en was die onreine buite die laer (kamp, gemeente) afgesonder.

Alvorens Yisra'el die tog na Kena'an kon aanpak, moes die laer eers gereinig (geheilig; afgesonder) word en hierdie toestand moes te alle tye gehandhaaf word. Dit het ook beteken dat die laer gereinig moes wees van alle seksuele sondes.

Indien 'n eggenoot daarom geweet het, of selfs vermoed het, dat sy eggenote ontrou in die huwelik was, was sy as onrein beskou en kon die hele laer onrein word. In so 'n geval was dit dus noodsaaklik dat die man dan saam met sy vrou voor die priester verskyn met 'n graanoffer van jaloesheid.

Hy moet die offer vir haar saambring: 'n tiende van 'n efa garsmeel; hy moet daar geen olie op gooi en geen wierook daar bysit nie, want dit is 'n graanoffer van jaloesie, 'n offer van herinnering wat die skuld onthou. Num. 5:15.

Die priester het haar laat nader kom en haar voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan met haar hare wat los gehang het. Dan het die priester van die stof wat op die vloer van die tabernakel was, geneem en dit in 'n houder met afgesonderde water gemeng. Die priester het dan die offer van herinnering wat die skuld onthou op haar hande geplaas.

¹⁹ Die priester moet haar onder eed plaas en aan die vrou sê: 'As geen man by jou gelê het en jy nie afgedraai het na onreinheid terwyl jy onder jou man se outoriteit was nie, wees dan vry van hierdie bitter water wat 'n vloek bring,

²⁰ maar as jy terwyl jy onder jou man se outoriteit was, afgedraai en jou onrein gemaak het deurdat 'n man, behalwe jou eie man, by jou gelê het;'

²¹ [dan moet die priester die vrou laat sweer onder die eed van vervloeking en die priester moet aan die vrou sê:] 'יהוה maak jou tot 'n vervloeking en 'n vloek onder jou volk, deurdat יהוה jou heup laat inval en jou buik laat opswel

²² en hierdie water wat die vloek bring, sal in jou maag ingaan en jou buik laat opswel en jou heup laat inval.' Dan moet die vrou sê: 'Dit is ewiglik waar!'

²³ Die priester moet dan hierdie vervloekinge op 'n boekrol skryf en dit in die bitter water afwas

²⁴ en hy moet die vrou die bitter water, wat die vloek bring, laat drink sodat die water wat die vloek bring, in haar kan ingaan en bitter word. Num. 5:19-24.

Indien die vrou skuldig was, het haar heup ingeval en haar buik opgeswel en sy sou gesterf het, want wie skuldig is aan egbreek, en waar betroubare getuies die daad kon bevestig, moes sterf – beide die man en die vrou (Lev. 20:10; Deut. 22:22). Maar indien sy onskuldig was, was sy vrygespreek en geseën en as 'n deugsame vrou beskou (Spr. 31:10-31).

Die Torah oor Jaloesie is 'n sinnebeeld van die bruid wat ontrou aan יהוה was toe die verbond wat יהוה by Sinai met Yisra'el gesluit het (Ex. 19:4 tot Ex. 24:11) deur die aanbidding van die goue kalf verbreek was. Dit beskryf die 'proses' waaraan Yeshua onderwerp was toe Hy in die plek van Yisra'el as die ontroue bruid voor die Teenwoordigheid van יהוה gestaan het. Dit is ook hierdie wet wat Yeshua moes vervul om elkeen wat glo dat Hy dié Gesalfde Een is, vry te spreek om terug te keer en 'n deugsame bruid te word.

Insae in hierdie waarheid dien as motivering vir elke gelowige om in alle opsigte getrou te wees aan die Bruidegom en om seker te maak om 'n onbevleete bruilofskleed aan te hê by die wederkoms van Yeshua! Ons moet die kleed haat wat deur sonde bevlek is (Judas 1:23).

Ons moet nooit vergeet nie dat Yeshua die gemeente lief gehad het en Homself om haar ontwil oorgegee, om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water en in die Woord. Yeshua sal die gemeente vir Homself bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is. Sy bruid moet afgesonderd en sonder fout wees (Efes. 5:25-27).

יהוה het vir Sy geliefde Seun 'n vlekkelose bruid gekies – niks anders sal goed genoeg wees nie! Daarom moet ons onthou dat יהוה is 'n jaloerse God soos uit die volgende duidelik is:

12 Pas jouself op dat jy geen verbond sluit met die inwoners van die land waarheen jy gaan nie sodat dit nie miskien 'n strik tussen julle word nie,

13 maar jy moet hulle altare vernietig, hulle afgesonderde pilare afbreek en hulle pale afkap,

14 want jy mag jou nie neerbuig voor enige ander god nie, want יהוה se Karakter en Outoriteit is jaloers; 'n jaloerse Magtige God is Hy, Ex. 34:12-14.

23 Pas julleself op sodat julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet nie en vir julle 'n gekerfde beeld maak in die vorm van enigiets wat יהוה, jou God, jou verbied het,

24 want יהוה, jou God, is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God. Deut. 4:23-24.

Paulus verwoord dit soos volg:

want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan dié Gesalfde Een voor te stel. 2Kor. 11:2.

Yeshua het eenmalig namens ons, die ontroue bruid, die offer van herinnering wat die skuld onthou, gebring en eenmalig die bitter water wat die vloek bring, gedrink. Yeshua het dus ook die skuld van die ontroue bruid betaal toe Hy gekruisig was!

Tydens wedergeboorte word ons elkeen nou deel van die bruid van Yeshua en belowe ons om in alle opsigte getrou te wees aan ons Bruidegom, naamlik om 'n deugsame hulp te wees soos beskryf word in Spr. 31:10-31.

Omrede Yeshua in ons plek die Torah oor jaloesie vervul het – tot volheid gebring het – is ons nie meer vergelykbaar met die owerspelige bruid nie en is ons vry van die geskrewe wet wat ons hiervan aangekla het. Nou is ons as geestelike Yisra'el die bruid van Yeshua van die nuwe verbond (Jer. 31:31-34; Heb. 8:8-10). 'n Bruid wat in alles gehoorsaam is volgens die Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Paulus verduidelik dit soos volg:

1 Asof julle nie weet nie, my broers, want ek praat met dié wat die geskrewe wet verstaan, dat die geskrewe wet outoriteit het oor die mens so lank as wat hy lewe;

2 net soos die getroude vrou in die geskrewe wet aan haar meester gebonde bly solank hy leef, maar as die man dood is, is sy deur die geskrewe wet losgemaak van haar man.

3 As sy weggaan vir 'n ander man terwyl haar meester leef, sal sy vir hom 'n egbreekster wees, maar as haar meester sou sterf, is sy vry van die geskrewe wet sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.

4 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra,

5 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra,
 6 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:1-6

Maar hoewel Yeshua namens ons die Torah oor jaloesie vervul het, verwys dit ook profeties na die dag wat elkeen wat bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een is, getoets (beproof) gaan word vir geestelike egbreek (hoerery). Die beker van bitter water wat ons sal moet drink gaan 'n toets wees of ons moedswillig weens hardnekkigheid geweier het om יהוה se Torah te onderhou terwyl ons daarop aanspraak gemaak het om die bruid van Yeshua te wees! Ons gaan beproef word of ons geestelike rein is en geestelike rein gebly het gedurende ons wildernistog in hierdie wêreld.

יהוה is 'n jaloerse God wat geen hoerery – fisies en geestelik – duld nie!

Bepeins of Bespreek

1. Is jy en ek bereid om vandag die beproewing van die bitter water te ondergaan? Is ons die deugsame (ywerige) en vlekkelose bruid op wie Yeshua te alle tye kan vertrou?
2. Is die Torah oor jaloesie vernederend en diskriminerend teenoor vroue? Judaïsme se siening (Talmud, Sotah 27b) is die volgende: *While it is the accused woman who must actually drink the bitter waters, the waters affect her male partner in adultery identically. Just as the waters examine her, they also examine him.* Volgens Torah berus die keuse ook by die vrou of sy die bitter water wil drink of nie. Indien die vrou bereid is om die bitter water te drink, en sy onskuldig bevind word, is die man skuldig aan vals getuienis en dus die oortreding van die negende gebod. Dit is die eggenoot van die vrou wat dan uiteindelik verneder sal word.
3. Van al die gebooe (*mitzvot* – volgens sommige is daar 613) in die Torah van Mosheh (die boek van die wet – Deut. 31:26; Neh. 8:2; Gal. 3:10) is die wet van die *sotah* die enigste waar die 'samewerking' van יהוה vereis word om 'n beslissing van skuldig of onskuldig te verkry. Die bitter water van smart kan slegs op bonatuurlike wyse 'n effek hê! Daarom moet die klem van die Torah oor jaloesie op die geestelike betekenis wees. Deur die fisiese wou יהוה vir Yisra'el 'n geestelike les leer. Dit handel eerstens oor die ontrouheid van Yisra'el as bruid van die ou verbond en oor יהוה se getrouheid as Bruidegom. Tweedens moet ons die geestelike betekenis onder die nuwe verbond verstaan, naamlik dat Yeshua aan die folterpaal ook namens ons die water van bitter smart van die ontroue bruid gedrink het. So ook het Yeshua bewys gelever dat Hy die getroue Bruidegom is wat 'n wedergebore bruid met 'n onbevleete bruidskleed waardig is. Dit is יהוה alleen wat sal bepaal of die bruid wat die beproewing van die bitter water drink geestelik gaan lewe of geestelik gaan sterwe!
4. Die algemene siening is dat jaloesie 'n swak hoedanigheid is met ernstige gevolge wat spanning, wantroue en onenigheid in 'n verhouding veroorsaak. Daarom word jaloesie gesien as 'n selfsugtige emosionele reaksie wat soos 'n wortel van bitterheid die lewe van baie ander kan beïnvloed (Heb. 12:15). Maar dit is nie die betekenis van YHVH is 'n jaloerse God nie. Daarom moet ons onderskei tussen die sonde van jaloesie en jaloesie gefundeer op onpartydige opregtheid. Laasgenoemde is die jaloesie van God, die God-tipe jaloesie. Dit is 'n geregverdigde jaloesie op grond van die oortreding van Torah. So

byvoorbeeld is egbreek en afgodery oortreding van Torah en is jaloesie geregverdig mits dit hanteer word volgens God se standaard.

Die Priesterlike Seën

Die Priesterlike seën is in Hebreeus bekend as *Birkat Kohanim* en is 'n opdrag wat veral deur die vader van 'n huishouding gereeld oor die kinders uitgespreek moet word. Daarom lees ons in Num. 6:22-23 dat יהוה vir Mosheh en Aharon gesê het: "Praat met Aharon en sy seuns en sê: 'Op die manier moet julle die seuns van Yisra'el seën. Die priesterlike seën is dus die wyse wat die vader sy kinders moet seën, naamlik om vir elke seun en dogter te sê:

24 יהוה seën jou en onderhou jou;

25 יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns;


26 יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid."

27 So sal hulle My Karakter en Outoriteit (Naam) op die seuns van Yisra'el lê en Ék sal hulle seën. Num. 6:22-27.

Dit is veral die gebruik om met die begin van Shabbat die kinders met olie te salf en die priesterlike seën oor elkeen te spreek. Waar die kinders reeds die huis verlaat het, sal die vader steeds elke kind, en selfs elke kleinkind, by die naam noem en hierdie seënbede oor hulle uitspreek.

Maar die priesterlike seën is ook die wyse wat ons mekaar moet seën!

Om 'n seën (seënbede; saligspreking) uit te spreek is om יהוה se goedheid en guns oor iemand (of groep) te verklaar. Dit het die krag dat die seën wat uitgespreek word, vervul sal word (waar sal word). Maar dit is nie 'n 'towerformule' nie! Die wil van יהוה is in dié verband steeds soewerein. יהוה het dit egter beveel en daarom kan ons die waarde en krag van seënbedes nie gering skat nie.



#24402741

Die een wat die seën uitspreek, is slegs die instrument in YHVH se hand. Daarom is dit die gebruik dat wanneer hierdie seënbede oor 'n groep uitgespreek word om die hande hemelwaarts op te hef om die Hebreeuse letter *shin te vorm*, soos hierdie skets illustreer.

Die letter *shin* word nie net met die priesterlike seën verbind nie, maar ook met die woord *Shadda*, waarvan een van die Name van יהוה, naamlik *El-Shaddai*, afgelei is. Hierdie Naam beteken: "Die Magtige God wat meer as genoeg is".

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? Eks 6:3.

Van die begin af het יהוה vir Yisra'el gesê dat Hy meer as genoeg is in alle opsigte. Hy is 'Yireh' – wat voorsien, maar Hy is baie meer; Hy wat meer as genoeg is in alle opsigte. Shaddai is ook 'n element in Yisra'el van ouds se name, soos byvoorbeeld: *Ammishaddai* ("Volk van Shaddai"; Num. 1:12) en *Tzurishaddai* ("My Rots is Shaddai"; Num. 1:6).

Deur die hande hemelwaarts op te hef wanneer hierdie seënbede oor 'n groep uitgespreek word, is ook om erkenning te gee dat alle seën vanaf יהוה kom en nie vanaf 'n mens nie. Die feit dat die woord “sê” ook drie keer in vers 22 gebruik word, is ook 'n herinnering dat יהוה die een is wat seën. Onthou: Alle goeie gawes daal van bo af neer.

Alle geskenke wat goed en volmaak is, kom van bo af, vanaf die Vader van Lig. By Hom is daar geen verandering of skaduwee van wysiging nie. Jak. 1:17.

Daarom is die priesterlike seën 'n geskenk van יהוה wat goed en volmaak is. Dit is 'n geskenk wat ons ontvang en wat ons aan ander moet uitdeel!

'n Seënbede is ook om Vader-God te vra om die persoon (of groep) met Sy beskerming en liefdevolle sorg te omvou. Ons vra, en vertrou, die Vader om op 'n positiewe wyse op te tree (in te gryp) in die lewe van diegene oor wie ons יהוה se seënbede spreek.

want dit is U wat die regverdige man seën, o יהוה, U omring hom met guns soos met 'n skild. Ps. 5:12

Red U volk, seën U erfenis en wees vir hulle 'n Herder en versorg hulle vir ewig. Ps. 28:9.

Die priesterlike seën behels die volgende:

- ❖ "יהוה seën jou en onderhou jou": Dit dui op die fisiese en materiële dinge wat met Torahgehoorsaamheid gepaardgaan en ondermeer in Deut. 28:1-14 beskryf word. Ons vra Vader-God vir Sy goedheid en guns, naamlik om in al ons behoeftes te voorsien. Maar ons vra Hom ook om ons te help om dit wat Hy deur Sy goedheid en guns voorsien het, te bewaar (te onderhou) sodat die dief (Satan) dit nie kan steel nie (Joh. 10:10). Die Hebreeus vir onderhou is *sh'mar* en beteken om *te beskerm, te bewaak en wag te staan*.
- ❖ "יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns": Twee aspekte is hier ter sprake, naamlik:
 - Dit is om te vra dat Vader-God stralend en glimlaggend na ons sal kyk soos 'n trotse ouer na sy kind sal kyk. By implikasie beteken dit om יהוה te kan sien, maar ons kan Hom nie van aangesig tot aangesig sien nie. Ons kan egter wel deur Vader-God se onderrig en instruksies (Torah) Hom “sien”. Verder verwys “oor jou skyn” na die lig van Torah (Ps. 119:105 en 130; Spr. 6:3; Joh. 1:1-14; 8:12; 9:5). Ons vra Vader-God dus vir die kennis en insig, asook die wysheid van Torah. Dit is om יהוה te vra om ons oë te open dat ons die wonders uit Torah kan sien (Ps. 119:18). Ons vreugde wat ons in Torah vind is die rede dat Vader-God stralend en glimlaggend na ons kyk.
 - Tweedens vra ons Vader-God vir Sy onverdiende guns, naamlik die vergifnis van sonde. Onverdiende guns beteken dat Vader-God vergewe en dan stralend en glimlaggend na ons kyk. Daar is geen ‘kwade gevoelens’ nie!! Deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een, word ons hierdie onverdiende guns deelagtig en kry ons insae in die breedte en lengte en diepte en hoogte van יהוה se liefde (Ef. 3:14-20).

- ❖ "יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid": Wanneer jy iemand van aangesig tot aangesig sien, sal sy gesiguitdrukking sy gesindheid teenoor jou weerspieël. Hierdie deel van die seënbede sluit dus aan by: "יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn". Wanneer ons יהוה se onderrig en instruksies met vreugde ontvang en dit toepas, dan sal יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor ons skyn. Dan sal ons 'n lewe in oorfloed ervaar (Joh. 10:10b). "Laat u aangesig skyn oor u kneg, en leer my u insettinge". (Ps. 119:135).

Yeshua het as Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek waarskynlik die priesterlike seën oor Sy studentevolgelinge gespreek net voor Sy hemelvaart (Luk. 24:50-51). Yeshua is die Prins van Vrede – *Shar Shalom* (Joh. 14:27 en 20:19; Jes.9:5 – Vredevors). Hy is die priesterlike seën van יהוה (1Joh. 5:12). Yeshua is die Prins van Vrede, Vreugde, Gesondheid, Voorspoed en Vergenoegdheid!!

Volgens Num. 6:27 is dit belangrik om Vader-God se Naam, naamlik יהוה (Yahuah) op die kinders van Yisra'el te lê!! Die Almagtige se Naam is nie Here of God nie. Nee, dit is slegs 'n beskrywing van Sy hoedanighede! Daarom moet ons die ware Naam van God gebruik wanneer ons iemand, of 'n groep, seën, want op die wyse plaas ons Sy Naam, naamlik die Karakter en Outoriteit, op elkeen wat ons seën.

Wanneer ons die priesterlike seën oor iemand spreek, dan doen ons dit in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua. Dit is om die Vader se seën te vra en Yeshua het gesê dat alles wat ons in Sy Naam vra sal waar word!

¹³Enige iets wat julle ook al in My Outoriteit en Karakter mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word.

¹⁴As julle iets in My Outoriteit en Karakter vra, sal Ek dit doen. Joh. 14:13-14.

In die lig van die verduideliking en betekenis van Lev. 6:22-27 is Jay Christianson se weergawe van die priesterlike seënbede soos volg:

May the Lord bless you with all the material prosperity you need, and may He protect it so that you can do good works, especially that you may have the time to learn His Word.

May He give you insight into His Word so that you can see the absolute wonder of Who He is, how He's causing all things to work for good in His plan, and through that, grant you favor with God and man.

May He top it off with everything you don't deserve but desperately need, everything that He is more than willing to give you through His covenant love and affection, and may you be overwhelmed entirely with His peace!

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom het ons dikwels 'n vrees dat 'n vloek wat uitgespreek word waar sal word, terwyl ons maklik twyfel of 'n seënbede waar sal word?
2. Die verkondigers van die voorspoedlering leer hulle volgelinge dat slegs geloof (vertroue) nodig is om יהוה se seënninge te ontvang? Maar luister wat is geskryf in Spr. 28:9 – *Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is 'n verwerplikeid!!* Bevestig hierdie Skrif dat gehoorsaamheid aan יהוה se Torah (al tien die

gebooi) die eerste vereiste is? Hoeveel goedbedoelende gelowiges druk hulle ore toe vir die vierde gebod?!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.